nuusbrief

GRATIS KOPIE

DONDERDAG 2 SEPTEMBER 2021 | UITGAWE 23

KOM NES JY IS | ONS SAL JOU HELP | LEER JESUS VOLG | LEWE MET LIEFDE | HOOP | BETEKENIS

IN HIERDIE UITGAWE

1. EREDIENS VOORSKOU
2. EREDIENS TYE
3. DANKIE VIR JOU DANKOFFERS
4. JEUGKERK
5. KINDERKERK
6. 'n GEBEDSAAK
7. VAKANTE POSTE BESKIKBAAR
8. WERKSOEKHOEKIE
9. ADVERTENSIE

011 391 1343 | info@kruin-kerk.co.za

FISKAALSTRAAT 30, GLEN MARAIS KEMPTON PARK 1619

SONDAG EREDIENS VOORSKOU

Die "Wifi password" vir die Toring van Babel...

Genesis 11:1-9

Liefste KRUINER

Ek kan nie wag om jou hierdie Sondag fisies (50 van julle) of digitaal te sien nie.

Ek is baie opgewonde oor hierdie Sondag se saam kuier want ek gaan een van die bekendste Kinderbybel verhale vat wat meeste van julle sommer uit julle koppe ken.

Ek gaan dit vir jou mooi steen vir steen "afbreek" op 'n manier wat jy nog nooit gehoor het moontlik is nie.
Ons gaan egter nie net oulike teologiese verstaan uitpluis nie, o nee, hierdie teks is te belangrik om net dit te doen.

Hierdie gaan jou op 'n intense reis met jouself en die wêreld waarin jy leef neem en jy gaan 'n nuwe mens anderkant uitkom.

Man, ek is opgewonde om saam met julle week vir week Kemptonpark te transformeer in iets in wat 'n lig op die berg is want Kempton Kruin is 'n kerk in en vir die gemeenskap...

Tot Sondag, mooi loop.
Sebastiaan van Dyk

EREDIENS TYE

Ons begin hierdie Sondag weer met fisiese dienste in die kerk asook KINDERKERK (alle dienste sal ook steeds digitaal beskikbaar wees op YouTube), **MAAR ...**

Ons word beperk deur COVID regulasies vir fisiese dienste so daarom werk dit soos volg:

Ons kan net 50 mense toelaat
so jy gaan moet bespreek (maak seker jy gaan daar wees voor jy bespreek anders ontneem jy ander die kans wat graag daar sou wou wees), besprekings kan op twee maniere gedoen word.
Jy kan die kerkkantoor bel dat hulle namens jou bespreek by 011-391-1343, **OF** Jy kan self aanlyn jou plek bespreek **OF** bespreek hier

OGGENDDIENS @ 09:00

KLIEK HIER

KINDERKERK @ 09:00

KLIEK HIER

BAIE DANKIE VIR JOU DANKOFFER

Dankoffer Inbetaling Opsies

EFT• SNAPSCAN • DEBIET ORDER

BANK BESONDERHEDE
NG Kempton Kruin
Absa-bank Tjekrekening
Rekeningnr 260 580 965
Verwysing DANKOFFER of NOODFONDS

Weens COVID-19 regulasies is daar geen kollekte bordjies nie. Dankoffer koeverte is steeds beskikbaar asook ons dankoffer bokse by die drie ingange van die kerk sou jy kontant wou deponeer.

Alternatief, besoek gerus
www.getsnapscan.com
App Store | Google Play Store

Kruin Gemeente se SnapCode

JEUGKERK

Hierdie Sondag gesels ons weer saam met ons tieners.

Die oorhoofse tema vir die volgende drie weke is:

HOE MOET EK DIE BYBEL LEES?

Hierdie Sondag gesels ons oor die "Die beste vraag om te vra wanneer jy die Bybel lees". Sondag gaan prakties wees, relevant wees en nuwe lewe in jou Bybel lees inblaas.

Ons sien baie uit om jou hierdie Sondag te bedien en te help bou aan jou geloofslewe en groei.

Sien jou daar!

KINDERKERK

Kom maak jou eie lyfroom as geskenkie vir Oupa en Ouma by die kinderkerk.

Die Sondag is 'n wonderlike geleentheid waar ons eer betoon aan ons oupas en oumas. Ons sê dankie vir hulle wysheid, liefde en teenwoordigheid in ons kinders se lewens deur 'n spesiale geskenkie te maak.

*Onthou om te bespreek vir die geleentheid via die skakel wat ons uitgestuur het, of bespreek hier:

KLIEK HIER

BELYDENIS KLAS & GR 8-10'S

Ons **Belydenisklas** kom **17:00** bymekaar in die kerk en sal 18:00 klaar wees, en ons **Gr 8-10's** kom **18:00** bymekaar in die kerk en sal 19:00 klaar wees.

SENIOR EREDIENSTE

GOEIE NUUS! Senior Eredienste begin weer op

DONDERDAG 9 SEPTEMBER OM 10:00

Tema: God se raad met ouer word Ps 71 ***Dr Danie Malan***

'n GEBEDSAAK

VOORBIDDING

Marelise Espach
Judie Janse van Rensburg
Michelle Scholtz
Johan Briedenhann
Alta Kruger
Johan van der Walt
Sarie Bezuidenhout
Elca Myburg
Liana Eybers
Sarel Myburgh
Mariet Pienaar
Annerie Coetsee
Andie en Malinda Visagie
Anuscha

AFSTERWE

KEMPTON-KRUIN BETOON MEEGEVOEL AAN:

Ronél Erasmus met die afsterwe van haar broer
asook
Met die afsterwe van
Johan Carsten, Vrou Mariana Carstens, Gideon, Chantel Schoeman en familie.

DOOP

Sondag word klein Lourens Retief gedoop in spesiale erediens deur Dr Danie. ***GELUK*** aan André en Zenobia Retief en familie.



VAKANTE POS BESKIKBAAR

IT, Klank en Multi-Media Tegnikus

(Kruin Kerk - Kempton Park)

Die geleentheid het ontstaan by die NG Kerk Kempton Kruin vir 'n energieke, goed georganiseerde en pro-aktiewe individu met n persoonlike verhouding met Jesus Christus om by ons gemeente aan te sluit as IT, Klank en Media Tegnikus.

1.DOEL VAN DIE POS:
Om 'n IT, klank en multimedia diens te lewer deur die gemeente en gemeenskap te dien t.o.v hoë gehalte IT, klank en multimedia dienste wat die werksaamhede en bedieninge van die kerk op ' nakkurate, effektiewe en uitnemende en onmisbare grondslag komplimenteer.

2.KWALIFIKASIES:
Graad 12
Praktiese ondervinding van:
- IT stelsels en toerusting
- Klankstelsels en toerusting Multimediastelsels en toerusting Klank mengbord
- Beroepsveiligheid

'n Professionele kwalifikasie met ondervinding in een of meer van die verantwoordelikheidsareas sal as 'n definitiewe voordeel tel teenoor die applikant.

3.KENNIS EN VAARDIGHEDE:
Behalwe vir die vaardigheidsvlakke bespreek onder kwalifikasies, moet die geskikte persoon ook beskik oor die volgende:

- Goeie kommunikasie-vaardighede hê, beide geskrewe en verbaal
- Kreatiwiteit
- Sperdatum bereiking vermoë
- Aandag aan detail
- Vermoë om dagtake selfstandig te beplan en uit te voer, take te prioritiseer en af te handel, akkurate werk te verrig en inisiatief te gebruik om kontrole prosesse en stelsels, waar moontlik te verbeter.
- Handhaaf van goeie werksverhoudinge met ander personeel sowel as lidmate en diensverskaffers om te verseker dat optimale lewering van dienste aan hulle behoeftes en vereistes voldoen

4.SALARISPAKKET:
Vergoeding sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

5.AANSOEKE:
cobus@kruin-kerk.co.za

WERKSOEKHOEKIE

Gekwalifiseerde Motorwerk-tuigkundige.
Volwasse man met meer as 20 jaar Elektries, Hidrolies, Algemene instandhouding, Verbeterings- & Herstelwerk asook Basiese boerdery ondervinding, beskikbaar.
Ideale poste sluit in:
Operasionele bestuurder (insluitend die beheer en bestuur van vervoerdienste, werkswinkel, alle verbeterings & instandhoudings werk, bestuur van terrein en terreinpersoneel).

Plaasbestuurder en Motorwerktuigkundige
(instandhouding van voertuie, bestuur van plaaswerkers, bou van implemente, koop en verkoop van voertuie asook algemene herstelwerk, verbeterings en beplanning).
Vragmotor vervoer Koördineerder en Bestuurder.

Vir 'n volledige CV of verdere navrae, kontak
Ds Michelle 083 649 830

Eiendoms- / Bemarkings-/ Verkoops Konsultant
Dame met 19 jaar ondervinding Ervaring sluit in: Nuwe Ontwikkelings asook tweede handse residentiële eiendomme met Bank ervaring.
11 jaar Senior Bemarkings-beampte ondervinding by Denel Het ook as Trusteelid gedien in 'n Deeltitel kompleks.
Kwalifikasies: **NQF4, PDE, CEA en rekenaar geletterd** (eie rekenaar, vervoer en Wifi beskikbaar).
Vir 'n volledige CV Kontak:
Lizette 076 384 0057